

tippet 100

Jy is geroep om elke dag te groei in jou menswees, in jou denke, in jou perspektiewe.

Jy is gemaak om te ondersoek, nuwe moontlikhede te ontgin – nie om te versteen nie.

Dus: vra 'n keer ander vrae as waaraan jy gewoon is. Lees 'n ander tipe boek as die ou bekende. Lees méér as net die berigte in die koerant – lees die hoofartikel en dink saam oor die saak wat daar bespreek word. Leer om die nuus van die dag onderskeidend te luister – interpreteer – word wyser. Kyk TV programme wat jou denke uitdaag. Groei! Jy mag nie versteen nie.

Francois Retief

19 Februarie 2018